Van Wyk.
Beste Theo,
Dit is sondag en ek voel my verplig om 'n briefie aan jou te skryf Verledeweek donderdag het ons 'n Radio uitsending gehoor oor julle ekspedisie wat baie interessant was As 'n mens daarvan hoor dan besef ons destemeer dat gods bewarende hand oor ons uitgestrek moet wees want die gevare is baie daar mens kan ook jou in sy vader hand toevertrou Ma was 'n week in die bed met hewege rugpyne haar nou gaan dit weer beter Verder is alles nog reg.

Adela geniet haar werk in die hospaal en oost london Ons het haar soontoe gebreng en toe 'n vakansie van 14 dae geneem om langs die tuinroete te gaan Ons was 'n naweek by Arie en Willy wat baie lekker was. Ons het 2000 myl gery en baie gesien en baie vriende van Ma besoek wat sy in baie jare nie gesien het nie hier op die plaas gaan dit nog goed ons het 'n mooi somer met elke keer net op tyd reen Onse gewasse staan goed en onse diere is in 'n goeie kondisie. Ons het hier weer 'n ander predikant ds de Vos 'n proponent van Potch. Hy en sy vrou het 'n baie goeie indruk op ons gemaak ek dink hulle is gaaf en lewend om te dien. Je brieve wat je met die polarlyon gestuur het het ons ontvang en die uit die fam.

Reeds het ons deur gestuur.
Wanneer kry ons weer 'n briefie
van jou ons is baie nuuskierig
of het je dit te besig met
briewe vir Kenie?? Ons
het fotos van haar ontvang
wat jy haar gestuur het
God's rykste seen toegewens
in julle eensaamheid daar
en groete aan die ander.
Veel liefde van ons almal

Ma & Pa.